Kom woon gerus een van die volgende drie Bybelstudie-geleenthede by. Die keuse is joune aangesien dieselfde gedeelte tekens herhaal word.

- Maandagmiddag
  om 17:00 tot 18:30
- Maandagaand
  om 18:30 tot 20:00
- Dinsdagaand
  om 18:30 tot 20:00

Saam met die Here op trek

"GKPBult – Ons is Christene wat elke dag, heeldag op en oor die Bult lewe"

Vanuit die "identiteitstelling" besin ons as gemeente tans oor hoe ons, saam met en agter die Here aan, op pad moet gaan. Ons gaan nie, as die Here nie saamgaan nie. Ons gaan terwyl ons die Here aanbid. Ons gaan die pad saam met mekaar loop. Verhoudings staan sentraal op die pad.

Die afgelope week se Bybelstudie het uit Kolossense 3:1-17 gehandel. Wat 'n voorreg was dit nie om met drie verskillende groepe saam vanuit die gedeelte van God se Woord stil te word nie. Indien jy nie die Bybelstudies kon bywoon nie, moedig ons jou aan om self die gedeelte te bestudeer. Hier is 'n paar lyne wat uit die studie na vore gekom het.

Saam met Christus (vs 1-3)

Wat opval uit vers 1-4 is dat gelowiges op 'n besondere manier deel het aan Christus. Ons het SAAM met Hom gesterwe, SAAM opgestaan, ons lewe is SAAM met Hom verborge (geanker) in God en ons al SAAM met Hom verskyn in heerlikheid.

Daarom moet ons uittrek en aantrek (vs 4-11)

Weens die eenheid met die Here moet gelowiges die sondige leefwyse doodmaak, aflê of uittrek soos 'n vuil kleed en hulle al meer beklee met die kleed van die nuwe mens wat na die beeld van sy Skepper vernuwe word, beklee.

Lewe as een liggaam (vs.12-17)

Vanuit hierdie posisie moet gelowiges, op 'n bepaalde manier, veral ook teenoor MEKAAR, optree. Die implikasies en gevolg van 'n lewe saam met Christus kom duidelik uit in ons hegte verhouding met mekaar as gelowiges. Meelewendheid, geduld, vergewingsgesindheid, liefde, dankbaarheid en vrede word veral in die verse as opdragte gegee.

Praktyk

Uiteindelik was daar gesprekke oor hoe ons die verskeidenheid van mense in ons gemeente en op die Bult hanteer moet word.

- Die deurbraak moet by onsself begin deur anderstalige en -kleurige gelowiges as broers en susters te sien.
- Blootstelling en kontak moet gemaak en nie vermy word nie.
- Moenie "klein" van God dink asof Hy net vir my en mense soos ek 'n God kan wees nie.
- Gaan woon 'n slag die Engelse diens by. Nooi studente en anderstalige mense uit vir ete.
- Hê 'n oog vir die nasies wat die Here hier na ons toe stuur.